

# RAS EN REALITEIT

Prof. J. C. G. Kotzé

## II. Die volwasse verwerking van rasste-realiteit (vervolg)

### DIE ONONTVLUGBARE DILEMMA.

Jare gelede het Gunnar Myrdal in sy klassieke studie oor die Negerprobleem in Amerika geskryf: „The Negro problem is difficult to settle even difficult to leave alone... His very presence makes for moral uneasiness — an anomaly in the very structure of the American society... But most people, most of the time, suppress such threats to their moral integrity together with all of the confusion, the ambiguity, and inconsistency which lurks in the basement of man's soul. This however, is rarely accomplished without mental strain. Out of the strain comes a sense of uneasiness and awkwardness, which always seems attached to the Negro problem.”

**Volwasse verwerking van hierdie kleurprobleem — of dit in Amerika, Engeland, Suid-Afrika, of waar ook al moet geskied — is geen geringe taak nie. Daar is soveel daadwerklike probleme, gevare en moontlikhede van onreg aan beide kante van die kleurlyn, dat die probleem volk en individu immer in 'n dilemma beland. Enersyds het ons nie 'n finale antwoord nie, andersyds kan jy die taak van die oplossing nie ontvlug nie. En as jy dan nog rustig daarvan kan voortwerk! Maar vandaag is hiervan geen sprake nie. Nie alleen is daar 'n onvolwasse kinderagtige koorsagtigheid in die gees van ons snelle ontwikkelinge aan verbonde nie, maar ook sulke gevarelike emosies en onrealistiese else, dat verwerking van die probleem haas-bomenslike else stel. Want in die rasste-probleem dwarsdeur die wêreld lê altyd 'n teenstelling verberg. Die teenstelling is, dat die oplossing geen oplossing is as daardeur geestelike waardes gelikwideer word nie. Want dan lei albei kante skade. Die ander aspek is, dat ook weer geen oplossing bewerkstellig word, as mense so die else gryp, dat ander se regte daardeur vertrap word nie. Want dan gaan ons direk in teen een van Christus se mees fundamentele uitsprake (Matt. 7 : 12). En om dit te doen, is om die lewe te mis.**

Dit alles maak kalme objektiewe onbaatsugtige besinning aan beide kante van die kleurlyn byna onmoontlik. Baie waar skrywe Samuel Koenig: „The true nature of any phenomenon cannot be discovered or cannot be adequately understood... if the investigator makes up his mind in advance about the subject being investigated. In other words, if the investigator has predilections he will tend to see the phenomenon or problem not as it actually is, but rather as he wishes it to be. Only an objective study can reveal the real nature and purpose of the phenomenon. Because of the lack of an objective approach many erroneous conclusions regarding social phenomena have been made.”

Tensy ons dus vry is om werklik die probleem objektief in al sy aspekte te sien, aanvaar en te verwerk, loop dit altyd weer op die wegedenering en so verdringing van een of ander belangrike aspek daarvan uit. En die gevolg is altyd weer noodlottig. Gelukkig is die volk en individu dan ook wat besef dat ons nog nie klaar gedink het nie, en altyd weer op en gereed is vir verdere besinning.

Dit is met hierdie dilemma wat die twintigste eeu die mensdom van allerlei rasste-groep saamper en 'n antwoord eis. Soos nooit tevore in sy geskiedenis word die mensdom teruggeroep met die vraag: „Waar is jou broer, Abel?” (Gen. 4 : 9) En hierdie vraag — is ons besig om iets daarvan te doen? Die gevare egter is dat ons soos Cain dit kan probeer oplos. en 'n ewige oordeel op ons haal. Nooit het 'n probleem dan meer om 'n ware volwasse verwerking geroep nie. Die mensdom se toekoms hang af van sy antwoord op hierdie so fundamentele probleem van die medemenslike verhoudinge tussen hulle van verskillende rasste-groep.

### Die wese van die probleem

So dikwels wil dit voorkom of mens hierdie probleem van rasste-verhoudinge as 'n blote sosiale, kulturele, politieke, ekonomiese of intellektuele saak wil sien. Natuurlik raak die probleem al hierdie lewensterreine, en eis dat ons daar huis die praktiese antwoorde sal vind. En tog is dit nie die wese van die saak nie; dig maar verskillende lewensvlakte waarop die probleem tot openbaring kom.

Die wese van die probleem is egter daarin geleë dat dit 'n medemenslike probleem is. Dit is maar 'n fase van die algemene probleem van die verbreekte en botsende verhoudinge onder die gevallen mensdom. Dis 'n probleem, wat veel dieper gaan dan die genoemde terreine. Dit is geleë op die vlak van die menslike hart. Dit spruit uit ons geestelike en morele verstoring. Ons wanverhouding met God,werp ons uit balans ook met die medemens, soos die familie van Adam en Eva dit reeds smartlik moes belewe.

Rassespanninge is dus slegs 'n aspek van die algemene wanverhoudinge tussen die gevallen mense. Dit kry net 'n meer akute en chroniese karakter, wanneer die kwestie van kleur ook daarmee gemoeid raak. Dan kry dit 'n karakter, waaraan mense met al die wil van die wêreld nijs kan doen nie. Die gevolg is dat die botsings meer radikaal word, en die frustrasies meer bitterheid veroorsaak. Daarom dwing die rasste-probleem ons tot nuttige eerlikheid. Solank ons ook nie daar kom nie, het ons nog nie begin om die gevarelike en pynlike probleem te verwerk nie. Maar dit is huis wat ons probeer vermy. So graag wil ons die sank op intellektuele vlak hou en uitmekaar. Dan kan ons allerlei uitvlugte beproef. Soms sal ons ons in ons wanverhoudinge regverdig deur 'n beroep te doen op ons voortreflike opvattinge oor die saak. Dan weer sal ons vlug in politieke skuiling met die bewering, dat ons so teenoor die anderskleurige medemens optree ter beskerming van geestelike waardes en volkstradisies. Of ons sal wys op die kulturele verskille, wat samelewings bemoedig. Ons sal selfs die verskille met krag verdedig en roem as die ware rykdom van die mensheid. Natuurlik, is daar waarheid in elkeen van hierdie benaderinge. Met dit alles moet nugter gerek word.

### Probleem eerstens 'n geestelike en morele

Al probleem met dit alles, egter, is dat ons met genoemde dinge kan volstaan, en so daarvan die ontvlugting vind van die eintlike realiteit van rassespanninge. Die wese van die probleem is geleë op 'n geestelike en 'n morele vlak. Dit gaan deur tot die toestand van die menslike hart. Dit is huis wat ons teen enige koste wil bedek. Want dan is hier alle roem uitgesluit. Om te erken dat dit geen om die toestand van my hart, in sy verhouding tot sy God en sy medemens, is rusverstord en verdoemend. As ek toelaat dat my hart so getoets word, staan ek vernederd en skuldig. Dan word my geestelike onryphed en onvolwassenheid openbaar. Altans so sien die Skrif dit. Daarom het die

Meester sy wetgeleerde vraesteller nie by die teoretiese sy van die grootste wet en wil van God gelaat nie. Hy het dit konkreet gemaak, deur hom te toets, hoe dat hy teenoor sy medemens (in die geval teenoor iemand van 'n ander groep) optree. (Luk. 10 : 25-37). En Johannes aarsel ewe min om my verhouding teenoor God te toets aan my verhouding teenoor die medemens (1 Joh. 4).

### Die eis van geestelike volwassenheid

Die wesenlike karakter van die rasste-probleem toon dat ook hier die medemenslike verhoudinge fundamenteel is. Om dit op enige ander wyse te probeer oplos, is om vooraf op mislukking aangewys te wees.

Daarom huis kan die christelike kerk en die gelowige in die verwerking van hierdie medemenslike probleme nie afsydig staan nie. As hy daarvan sou berus, bewys dit sy geestelike onvolwassenheid. Daarenteen, waar die Skrif die norm van ons lewe geword het, en die Gees van Christus ons beheers, sal ons rusteloos ywer vir beter medemenslike verhoudinge ook oor die kleurlyn heen.

Wat wil ons sê deur geestelike volwassenheid vir die oplossing van hierdie probleem te eis? Ons weet sowel sielkundig as religieus-geestelik is volwassenheid 'n relatiewe begrip. Soos op sielkundige gebied (ons kom later daarby terug) is dit egter ook op geestelike gebied moontlik om die gesonde algemene vlak van ontwikkeling te bereik. Van die volwasse Christen is dit waar, dat sy lewe deur sekere elemente beheers word, wat hom anders laat optree in die rassessituasie, as wat die wêreld in die algemeen doen. 'n Paar van die uitstaande elemente van so 'n christelike lewe, wat op hierdie probleem betrek kan word, is afdoende bewys vir my vorige stelling.

Die Christen vir wie sy Christendom 'n verskil maak in die lewe, sal daardeur ook beïnvloed word in sy rasste-verhoudinge. Hy word veral deur drie uitstaande christelike faktore op hierdie gebied beheers. (a) Hy is iemand vir wie die Woord normatief geword het, selfs al sny dit hoe diep in sy lewe en in sy oortuiginge. Hy het geleer om uit die gedagteveld van die Skrif te lewe as die norm van die koninkryk van God. In hierdie Woord vind hy die primêre toets vir sy gewete en vir sy tradisie — in watter situasie hy homself ook mag bevind.

So moet dit dan ook wees, om met James Sellers te spreek: „Unless the Church continues to look to Scripture as the fundamental witness to the reality of Jesus Christ, there will be no clear call from God at all... and the Biblical message comes to men in their situations. The truth is, God calls us to love Him and to love our neighbours; the imperative is always the same, but we see in terms of responsibilities peculiar to our own place and time... The Word of God, we may be sure, will meet us where we are, both to judge us and to teach us mercy”.

Die volwasse Christen is dan ook immer ingestem om te luister na Gods stem in Sy Woord. Want in Hom vind die geskrewe Woord 'n aanklank in die Vleesgeworde Woord, wat in Hom woon deur die Heilige Gees (Joh. 14 : 19). Sy ganse lewe, met al sy probleme, sien hy dan ook gewoonlik uit die sinvolle perspektief van die koninkryk van God. Dit is vanuit hierdie perspektief dat hy die aangename en die droewe van die lewe sien en verwerk. So ook die groot probleem van rasste-verhoudinge.

(b) Nog 'n faktor wat sy lewe beheers, is die ganse Bybelse atmosfeer van medemenslike verhoudinge. Dit beheers waarhede soos die naasteliefde, afgestaan van ras of kleur; die eenheid van die menslike geslag; en veral die

broderskap van gelowiges. Ons sal latter toon hoe dat byvoorbeeld 'n Paulus dit alles gesien het as 'n volwasse gelowige.

(c) Nog 'n faktor in die Christen se lewe, met besondere betrekking op ons probleem, is die gees van selfverloëning en selfkruisiging (Luk. 9 : 23-24; Gal. 2 : 20). Hierdie gedagte het onlangs vir my in Rome sulke nuwe en diepere betekenis gekry. By al die aangrypende dinge, wat daar uit die verlede van die Christelike Kerk te sien is, het één gedagte my siel meer dan al die ander beheers. Ons het Paulus se brieue uit die Romeinse tronk daar deurgelees. Telkens het 'n mens gevoel, dat hier 'n volwasse gelowige is. Hy was so totaal gekruisig aan homself, dat alleen die koninkryk van God sy ganse wese beheers het. Daarvan spreek al sy brieue. So het die realiteit van die gevangenis hom nie gebreek nie. Hy kon dit so verwerk as materiaal vir sy lewe, dat 'n mens byna voel dat die eintlike Paulus daaruit tevoorskyn gekom het. Vir iemand deur die Heilige Gees beheers en deur die koninkryk betower, was selfs die smartlike tronk in Rome vir Paulus 'n geleenheid gewees.

Dit verduidelik wat ek meen met 'n volwasse geestelike lewe ook vir die verwerking van rasste-realiteit. Die grootste ramp en ellende van die gevallen mens en mensdom deur die eeue is dat hy aards en selfsugtig in sy ganse lewenshouding geword het. Alles moet om homself draai — dikwels ten koste van die medemens en tot oneer van God. Dit is op hierdie rots van selfsug en eiebelang van die gevallen menslike hart, dat die medemenslike verhoudinge in die algemeen en veral op die gebied van rasste gewoonlik skipbreuk ly.

Die volwasse Christen egter beleef altans iets van verlossing uit hierdie kwaad. God het vir hom weer sentraal geword; sy medemens het vir hom 'n nuwe betekenis gekry; hy self het opgebou om die middelpunt van sy kosmos te wees. Dit is hierdie nuwe lewensperspektief en die daaruitvloeiende lewensfilosofie, wat dit vir hom nie slegs dwingend nie, maar ook gemaklik maak om vir ander ruimte in sy kosmos te gee. Ons stem met Dietrich Bouhoeffer saam as hy uit die gevangenis skryf: „Hy is ons vrede” (Efese 2 : 14). Sonder Christus is daar spanning tussen God en die mens, en tussen mens en mens. Sonder Hom kan ons God nie ken en aanroep nie, en ook nie vrede met die naaste vind nie.

### Die radikale korreksie

Van so 'n christelike volwassenheid kry ons 'n voortreflike voorbeeld in die geval van die apostel Paulus. As ooit in die Christelike denke in verband met menslike verhoudinge iemand die gees van die Meester ten volle gesnap het, dan was dit die apostel Paulus. Sy eerste kragtige optree in die verband was teen die Jode, met hulle enige godsdienslike grense, gefundeer op die Goddelike verbond. Paulus daarenteen het die groot boodskap van die Ou Testamentiese profete aangaande Babilon, Egipte, Tirus, en ander nasies ingedrink. Hulle tog het gesprek van Gods sorg, liefde en voorsienigheid oor al Sy handwerk. Sy Goddelike ontferminge is nie begrens tot een nasie nie, maar aangesien Hy die formeerde van almal is, strek Sy genade ook oor almal.

Dit is met hierdie waarheid dat hy sy Christen-vriend Filemon, in besigheid van Onésimus, sy slaaf, aanspreek. Strydig met die ganse uitkyk van daardie dae, eis Paulus in naam van die Christelike beginsels: dat Filemon sy Christen-slaaf sal aanneem, „nie meer as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf, as 'n geliefde broeder in die vlees sowel as in die Here” (vers 16).

En met dieselfde christelike oortuiging aangaande die medemenslike verhoudinge, wat hy teenoor Jode en in so veel brieue in die gemeentes uitgespreek het (Filemon; Galate 3 : 28; Rom. 3 : 29; Kol. 3 : 11; Ef. 2 : 14-22), staan hy hier voor sy trots Griekse gehoor in Athene. Wat moes sy radikale stellings hulle Griekse ore laat tuit het! Hoe styg by gans en al uit bo alle opvattinge van sy dag. Dink maar net hoe radikaal dit vir die Athener moes geklink het teenoor die standpunt byvoorbeeld van 'n Aristoteles (Aristot. Pol. 1 : 2 : 6). Want vir laasgenoemde was die onderskeid tussen Griek en barbaar radikaal en wesentlik. Van nature was die een bedoel om die slaaf van die ander te wees.

### Paulus se boodskap aan die Griek

En wat was Paulus se Christelike boodskap oor menslike verhoudinge aan hierdie selfverheffende heidense Griekse? Hy het hulle op drie punte tereggewys en onderrig:

(a) Paulus lê genadeloos die evangeliese byl aan die wortel van die trotse nasionale hoogmoed van die Griek teenoor nie-Griek. Vir die Griek was almal buite sy eie kring barbaar. Hulle alleen het gedeel in die adel van gunstelinge van die hemel. Nee, sê Pau-

lus, „God het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon”. In die New English Bible lui hierdie vertaling soos volg: „He created every race of man of one stock, to inhabit the whole earth's surface. He fixed the epochs of their history and the limits of their territory.” Met hierdie stelling deur die Heilige Gees geïnspireer styg die apostel uit bo alle menslike verskille van kultuur, klimaat, en nasionaliteit, en verkondig aan hulle die biologiese eenheid van die ganse menslike geslag.

(b) Naas die biologiese eenheid sien hy ook Gods ordereëling vir die mensekinders. Binne hierdie eenheid gee die Skepper en Onderhouer van alle mense ook die ryke verskeidenheid en skep vir nasies die geleenthed om selfstandig hulle bydrae te lewer in die groot drama van die menslike ontwikkeling. Soos E. H. Plumptre dit treffend stel: „The special gifts of character of each race — Hebrew thought of God; Greek sense of beauty; Roman sense of law; Teutonic truthfulness; Keltic impulsiveness; Negro docility — have all their work to do.”

Paulus sien dus verskeidenheid binne eenheid. In tye en grense sien hy Gods ordereëling vir die ontwikkeling en bydrae van alle nasies, maar laat ons nie vergeet nie: in hierdie grense sien hy geen verkleining en verag-

ting nie. Inteendeel is sy stelling juis die teregwywing aan die selfverheffing van die Griek teenoor die minderbevorregtes, deur hulle barbare genoem. Want Paulus sien ondanks die groot verskille in ontwikkeling, vermoëns en geleenthede beide die biologiese en die psigiese eenheid van die menslike geslag. Wat sou die geskiedenis van die mensdom 'n ander loop geneem het, as hierdie Christelike liberalisme deur die eene beter begryp en beleef was.

Want dit is al moontlik om dit akademies toe te stem, en tog die dinamiese krag daarvan te mis. Tereg skrywe Kyle Haselden: „Only as the elemental and universal human kinship is translated into a vital emotional experience of that kinship, does it become meaningful in the easing of racial tension. The recognition of physical kinship is academic and meaningless unless it be elevated into the realm of some kind of spiritual affinity.”

(c) Nog 'n derde les het Paulus vir die Griek oor medemenslike verhoudinge. Vir hom is die ganse mensdom in 'n eenheid en verskeidenheid tot een gemeenskaplike sinvolle lewensdoel geroep (28). God het hulle die tye en grense gegee „sodat hulle die Here kan soek”. In Gods plan en genade is daar geen voorkeur of gunstelinge nie. Hy wil dat alle nasies Hom sal ken, dien en verheerlik. Want hoe hulle ook in ontwikkelinge mag

verskil, almal is kragtens hulle skeping op Hom aangelê.

En dit is op hierdie hoogste vlak — hoër dan die biologiese en psigiese vlak — dat die Christen sy medemens in die geloof terugvind. In Christus vind gelowiges die verstoerde menslike verhoudinge herstel in een groot hegte broederskap. Die algemene „geslag van God” word die besondere „volk van God” (Hand. 17 : 29; 1 Petr. 2 : 9-10). Daarom het Paulus ook nooit moeg geword om die nuwe broederskap te verkondig nie. Dit sny deur alle grense en verskille heen. Hier het ons die kerk van Christus — die herstelde broederskap met die Hoogste.

Soos vir die Griek in Athene mag die Pauliniese woord ook vir ons soms onrealisties en onmoontlik lyk. Die feit bly egter: wie aan rasseraliteit wil meewerk en dit verwerk, het hier die enigste weg tot sukses.

Alles, minder dan dit, is nie alleen onskriftuurlik nie, maar ook geestelik onvolwasse. Enige poging anders dan die Atheense voorskrif is verdringing en nie verwerking van rasverhoudinge nie. Maar soos ons saam met Paulus geestelike volwassenheid behoeft, om hierdie probleem inderdaad te hanteer en te verwerk, het ons ook sielkundige volwassenheid nodig. Daaroor meer die volgende keer.

(Word vervolg)

Rev. Robert J. D. Robertson

## Multi-Racial Congregation's First annual meeting

(Editor's Note: Some time ago, Pro Veritate published a report on the experimental multi-racial Presbyterian congregation in North End, written by the minister of that congregation. Presbyterian congregations are, by church law, required to hold a meeting of the congregation annually, to receive and review reports on the work and witness of the past year. What follows is the report of the minister, presented to the North End congregation at its meeting on March 6th.)

Paul told his friends at Corinth that he would stay in the city of Ephesus and work there because "a wide door for effective work has been opened to me, and there is much opposition." It is with similar thoughts that I present this report. It is also with thankfulness to God that He has taken us a little way in through that wide door and that the opposition, though it has confused and sometimes shaken us, has not completely overcome us.

Further on, under the Session and Board reports, we give figures of how the Church has got on in the past year. Here I want to speak of the spiritual and human situation that has developed.

God in His wonderful providence opened the door for us in North End in leading us to the ideal centre for church and manse. The first step has been to get people together for worship and fellowship and this has been achieved. Here again we see the hand of God in that representatives of all our different races have come, and have come regularly, to services and to other meetings. Our fear was that one group or race might feel in the minority and withdraw, but though we have often been small in number God has kept us large in outlook and open to all with a welcome. To "oppose" this there has been the fear that people have of stepping over boundaries that have been

carefully kept for years. "Is this another White Man's trick?" "Will my servant still obey and respect me if we worship together?" "Will the authorities take our names?" God has led the nucleus of folk beyond these worries and we have found the door to united worship wide open.

**A DEEPER OPPOSITION**

But we find a much deeper "opposition" as we go further. It lies partly in our different cultures, and partly in the so-called "traditional South African way of life".

After a year of association, the African and the Coloured still feels reserved in the presence of Europeans, unable to express himself freely. This has something to do with language but more with the mastery that the European has held for so many generations in South Africa. The Europeans in their turn want to see quick and definite results. "We have come half way. Why is the African slow to meet us?" Trust and patience are things which take time to grow, if we have not been in the habit of exercising them, but they are Christian graces and it is we who follow Christ who must persevere in them.

Then there is the problem of what has happened to Christianity amongst us. The effect of the Church's work on the African people has not been simple, as if there were a clear and easy distinction between Christian and non-Christian. Thoughtful and deeply spiritual Africans have told me that their "Red" brother is often a more moral and less hypocritical person than their fellow "Christian". There is a deep confusion in the African Christian's life which I am sure comes from his rejection and subjection by the European Christian. But the effect of our racial situation on the European's Christianity is equally important.

Already hardened by their commercial and "scientific"

attitudes. European Christianity has been persuaded to limit its love to "love of one's own" — and that is the ruin of love, for real Christian love has no limits. As I see it, some genuine inter-racial fellowship, worship, heart-searching discussion and sharing of joys and troubles is essential to find a way out of these ills. But it will not be done in a day. It will take years of patience, many disappointments, repeated efforts at reconciliation before we can dig out the root of this "opposition".

### GEAGTE REDAKSIE,

Onder hierdie hoof het dr. André Hugo in u Desemberuitgaaf 'n artikel geskryf, waarop ek graag wil antwoord.

Allereers maak hy melding van die groot voordele, wat ons in Suid-Afrika aan die liberale party in Engeland te danke het, waarin hy noem die naam van W. E. Gladstone, wat in 1881 die onafhanklikheid van Transvaal erken het, die verlening van selfbestuur aan die Unie in 1906 en in ons land die name van Schreiner, Hofmeyr en Merriman. Voorts beweer hy, dat persoonlike vryheid, die waardigheid van die individu, die regte van die onderdaan, uitsluitend aan die liberalisme te danke is, en deur die nasionaliste geringskat en gekleineerd word, maar hy wil daar mee nie erken nie, dat persoonlike vryheid van gewete uitsluitend te danke is aan die Calvinisme, wat deur ons voorvaders, toe hulle in die land ingetrok het en ook deur die Hugenote erken en in praktyk gebring is, en as grondslag dien vir ons S.A. Republiek.

Die leuse „Liberaal” is pragtig, en word afgelei van Liberalitas, wat vryheid beteken. Maar ook die leiers van die revolusie in Frankryk aan die end van die 18e eeu het die skone leuse gehad van „Vryheid, gelijkheid en Broederskap”, maar in die praktyk het dit uitgeloop op broedermoord en anarjie. En wat die liberale party in Engeland betref, die party van Gladstone en Campbell Bannerman, daar moet ons ge-

I ask our members and friends to have this patience. But in the meantime I can offer as encouragement the experiences I have personally had in the past year. The door has stood wide open for me. I have moved in every quarter of this city and been accepted in homes of high and lowly. For weeks on end I have forgotten that apartheid ever existed. I have been able to see my fellows as men and women with God's wonderful variety, yet all in need of each other, all with basically the same human nature and there-

fore all able in the end to sympathise and understand. All are sinners too and none can throw the first stone. We have laughed and sighed together, contradicted one another and confided in one another, and we have talked of Christ.

For this experience alone, my wife and I would gladly have borne three times the labour we had in getting North End going. If we can help others to enter this same wide door we will have achieved our object.

### SIENSWYSE VAN LESERS.

eeu sy eie selfstandigheid, selfgenoegsaamheid en soewereiniteit tot lewensbeginsel verklaar het dus op kerklike terrein verwerp van die geslag, hetsy skrifgesag, belydenisbinding of kerkelike tug."

Die Skoolblad skryf dat „Nadat die magtige invloed van die Kerkhervorming onder Luther en Calvyn in die Christelike kerke nie langer in Protestantse lande deurgewerk het nie, het die gees van die Franse rewolusie die liberalisme uitgebroei, waarin afwykende Christelike en anti-christelike bewegings op die gebied van die godsdienis, filosofie, staatkunde, letterkunde en kuns skuiling gesoek het. Dit staan in die uitwisseling van alle grense in die diens van 'n gelykmakingsproses. Dis gevoldig te verstaan, waarom mense wat met 'n liberale gees behep is so teen 'n Christelike en Nasionale beleid in onderwys optrek. Alle dogma en tradisie, ook in die onderwys is vir die liberalis taboe. In die verwordingsproses is dit 'n toevlugsoord vir alle afwykende rigtings met rewolusionêre oogmerke, dus ook van die Kommunisme.

Dit is eienaardig dat mense met 'n liberalistiese lewensbeskouing so uitvaar teen alle dogma en tog self so dogmaties is deur aan te kleef aan 'n dogma wat alle ander dogma uit die pad wil ruim. Liberalisme is immers hulle dogma wat hul hele lewensuitkyk oorheers!”

W. Hovy.

## LIBERALISME - BEGRIP EN WANBEGRIP

tuig van „snelle afloop van die waters”, want vandag is die Manchester Guardian, die inondstuks van die party, vervul met negrofilistiese denkbeelde, waarin die naturelle verheerlik word en, netsoos 'n eeu gelede dr. Philip, allerlei lasterpraatjes teen Afrikaners en ons regering gretig opgeneem word. Die gesonde begrip van apartheid, die enigste beleid, wat die belang van blankes en naturelle op 'n regverdigte wys handhaaf, word verwerp.

Die liberale party in Nederland was 'n voorstander van die s.g. „Aufklärung” in Duitsland, van 'n christendom bo-geloofsverdeeldheid, waarin die vernamste leerstukke van ons gereformeerde geloofsbelid, soos die vleeswording en soendoen van Christus vir arme sondaars verwerp is, en die christene, wat nougeset volgens die Woord van God wou leef, onder die leus van verdraagsaamheid vervolg is, terwyl die Bybel in die openbare skole geweer is.

Vryheid is 'n skone leus, mits aan gebondenheid aan die Woord van God, anders word dit ongebondenheid, soos in baie Afrikaanse state.

Humaniteit is 'n goede elenskap, wanneer dit beteken liefde tot die naaste, maar humanisme in politieke sin beteken gelykstelling van al mense sonder rekening te hou met die rasverskille.

Prof. Hanekom omskryf die Liberalisme as 'n veel omvattende benaming waaronder die moderne mens van die 19e